

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Desember 2015 – Geloftediens

Lees van gelofte terwyl die gemeente staan

Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte, want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

Sing vooraf staande: Psalm 44:1, 2 (p. 224)

- 1 O God, het ons nie met ons oor nie / en van ons vaders dit gehoor nie –
het ons dit nie van hul verstaan, / die werk deur U van ouds gedaan?
Hoe U die nasies met u hand / verdryf het en hul uitgeroei het,
terwyl u volk, deur U geplant, / hier welig deur u seen gebloei het!
- 2 Hul swaard het hul dit nie laat erwe, / hul arm geen seëpraal verwerwe.
Dit was ú hand, ú arm, die lig / wat afglans van u aangesig,
wat hul met guns en seen bestraal. / Gebied dan uit u hoë woning
die swaard van Jakobs seëpraal – / U self, o God, U is my koning!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Psalm 66:2, 7 (p. 320)

- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Skriflesing: Josua 24:1-28

Kernverse: Josua 24:19, 22

Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan die HERE nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.

Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself die HERE gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.

(Josua 24:19, 22 AFR53)

Tema: Moenie ligtelik 'n gelofte aan die Here maak nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons dink vandag met dankbaarheid terug aan daardie 16de Desember in 1838 toe die Here die gebed van gelowiges in Natal verhoor het. In die lig van die gebeure op daardie dag in die geskiedenis luister ons vanoggend na die Here se stem in Josua 24. Die gelofte by Bloedrivier is immers nie die enigste gelofte wat gelowiges al aan die Here gemaak het nie. Baie van ons wat vanoggend in hierdie ere-diens is, het ook in ons eie geskiedenis al geloftes aan die Here gemaak.

Om 'n gelofte aan die Here te maak is 'n wonderlike gebeurtenis. Dink maar aan die dag toe u openlik voor die gemeente u geloof in God bely het. Of dink aan die dag toe u wat getroud is, belof het om u huwelik tot eer van God te onderhou. So kan ons aangaan en nog 'n hele paar geloftes of beloftes opnoem wat ons al aan God gemaak het. Maar besef ons altyd regtig wat dit beteken om aan die heilige en jaloerse God 'n gelofte te maak? Miskien nie altyd nie. Laat ons daarom luister en weer besef: Ons moenie ligtelik 'n gelofte aan die Here maak nie.

Om te verstaan wat dit beteken om te belowe dat ons die Here gaan dien, is dit eers nodig om te sien hoe so 'n belofte nie gemaak moet word nie. Uit die geskiedenis van God met sy volk in Josua 24 hoor ons dat daar twee maniere of gesindhede is wat nie by die maak van 'n belofte moet wees nie. Die belofte moenie net op emosies berus nie en dit moenie uit eie krag gedoen word nie.

Deur Josua sê die Here aan die volk wat Hy aan en vir hulle gedoen het. Met 'n herinnerings-vlug in die verlede laat Hy Israel teruggedink aan hulle geskiedenis. Telkens beklemtoon die Here wat Hy self gedoen het. Van die tyd van Abraham af het Hy goed gedoen aan Israel. Hy het Abraham uit die afgodediens weggeneem en hom kind van God gemaak. Uit hom het die Here seuns laat voortkom en hulle het onder Here se sorg in Egipte 'n volk geword. Deur die diensknegte, Moses en Aäron, het die Here sy volk uit Egipte uitgelei. In die moei-like en swaarkrytye in die woestyn was die Here by julle. Hy het 'n groot volk, die Amoriëte, in hulle hand gegee. En ook sonder hulle pyl en boog het Hy volke voor hulle uit verdryf. Die land wat God aan hulle vaders belof het, het Hy aan hulle gegee. Hulle het nie nodig gehad om 'n vinger te verroer nie, want die Here hulle God het aan hulle stede gegee om in te woon en wingerde en olyfboorde om van te eet. Dit alles het die Here self vir hulle gedoen.

Wanneer jy, broer, suster en kind, op jou lewenspad terugkyk, is daar talle plekke waar jy saam met Israel die absolute trou van die Here kan raaksien. Die Here ons God kom egter nie net al sy beloftes na nie, maar jy word ook oorweldig deur die ontsag en verwondering wat Hy afdwing. Jy sien sy krag. Hy maak sy kinders se pad wonderbaarlik oop. Wat mense as onmoontlik beskou, is vir Hom 'n eenvoudige moontlikheid. Kyk weer 'n oomblik terug op jou lewe. Alles wat jy het en is, is aan God te danke.

God se dade van krag en trou in ons verlede maak 'n appèl op ons. Gelei deur die Heilige Gees sê Josua:

Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die

gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: óf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, óf die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien. (Josua 24:14-15 AFR53)

Ons moet mooi daarop let, die Here laat die volk nie tussen Hom en ander gode kies nie. Hulle moet Hom alleen dien. Maar as hulle dit nie goedvind nie, moet hulle kies tussen die afgode. As hulle die Here nie wil dien, het hulle klaar hulle keuse gemaak. As hulle die Here verwerp, is dit om 't ewe. Die Here staan nie in 'n ry saam met die talle afgode om gekies te word nie. Sy dade van trou dwing ontsag en verwondering af. Hy maak 'n appél op die mens.

Israel aarsel nie een oomblik nie. Net nadat Josua hulle vermaan het, antwoord hulle:

Dit is ver van ons, dat ons die HERE sou verlaat om ander gode te dien.
(Josua 24:16 AFR53).

En nadat hulle ook redes uit hulle geskiedenis aangevoer het, sê hulle:

Ook ons sal die HERE dien, want Hy is onse God. (Josua 24:18 AFR53)

Voel u dit ook aan? Die volk se antwoord op die vermaning is tog die verwagte en regte antwoord. Hulle emosies is opgewek nadat hulle gehoor het hoe goed die Here vir hulle deur die geskiedenis heen was. Waarom sal ons tog nou ander gode wil dien. Ons Here het dan al die ander volke wat afgode dien voor ons uit verdryf. En hierdie Here is ons God, Josua. Hoor jy, Josua, ons gaan ook die Here dien.

Josua is egter nie tevrede met hulle gelofte nie. Nie nugter nie, maar vol emosie het hulle gesê: Ja, Josua, ons sal ook die Here dien. Emosies in ons diens aan die Here is opsigself nie verkeerd nie. Maar diens wat net op emosies gebou word, daar lê die probleem. Die volk is emosioneel opgewek en sê maklik, ja, maar wat gaan môre en oormôre en die dae daarna gebeur – in die dae wanneer niemand vir hulle van die groot en kragtige dade van God in die verlede vertel nie, wanneer elke dag met sy daaglikse probleme daar is. Wat gaan dan gebeur? Gaan die diens aan die Here dan nog goedgevind word deur hulle?

Wanneer 'n mens nie meer so emosioneel opgewek voel nie, nie meer net tussen gelowiges is nie, is dit maklik om die diens aan die Here te laat staan en aan te gaan soos al die ander mense doen. Te maklik kan dit gebeur dat wanneer ons emosies nie meer so opgewek is nie dat ons die verkeerde dinge saam met maats doen. Almal doen dit, hoekom sal ek dit nie ook doen nie? Ek bewys darem nog eer aan die Here deur in die aand vinnig uit die Bybel te lees en te bid. Die Here kan seker maar daarmee tevrede wees. Broers, susters en kinders, so 'n lewenshouding tree maklik in wanneer ons 'n gelofte aan die Here gemaak het op grond van ons emosies. As die emosies nie meer so opgewek is nie, vergeet ons ook maklik van die gelofte.

Ons moenie toelaat dat ons emosies ons lei om iets te belowe nie, want 'n besluit wat op grond van emosies alleen geneem is, neem baie dinge nie in ag nie. In die staat van emosie sien 'n mens kans vir byna enigiets en jy vergeet van jou eie tekortkomings en gebreke. Daarom, pasop! Moenie te vinnig sê: Ek is reg, ek gaan die Here ook dien, nie. Ons emosies gaan nie elke dag so hoog wees nie, daarom sal so 'n gelofte net soos ons emosies ook mettertyd vervaag.

Die Here wys ons ook op 'n tweede gevaar waarop ons bedag moet wees wanneer ons

'n gelofte aan Hom maak. Ons kan dit nie uit ons eie krag doen en onderhou nie.

'n Mens kan sommer sien hoe opgewek die Israeliete is, hulle gaan die Here dien. Dan is dit asof Josua koue water oor hulle uitgooi wanneer hy sê:

Julle kan die HERE nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie. As julle die HERE verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het. (Josua 24:19-20 AFR53)

Omdat Israel die gelofte vol emosies gemaak het, het hulle hulle eie tekortkomings en gebreke vergeet. 'n Emosionele gelofte wil met die eie krag van die mens onderhou word. Maar dit kan nie gebeur nie, want God is heilig en Hy eis onverdeelde trou aan Hom. Dat God heilig is, beteken dat Hy geheel en al anders is as ons sondaars. God is volmaak; in Hom is daar alles wat goed is. Trouens, Hy is 'n oorvloedige bron van alles wat goed is. Omdat Hy so volmaak goed en vol liefde is, haat Hy alle sondes en verkeerde dinge. Daarom tree Hy ook so volmaak regverdig op. Die geloof in Hom beloon Hy uit genade, maar die sonde straf Hy regverdig.

Die volk kan God nie dien nie, want Hy is heilig en hulle is sondaars. In hulle onkunde oor hulle eie sondes en gebreke kan hulle die heilige God nie dien nie. Daarom, almal wat die gelofte maak om God te dien, moet hierdie waarheid weet: God is heilig en Hy eis dat sy dienaars ook heilig moet wees. As God eis dat sy dienaars heilig moet wees, is Hy nie onregverdig nie. Hy het die mens na sy beeld geskape, en heilig wees was deel van hierdie beeld. Maar deur die sondeval het die beeld van God in die mens grootliks verlore geraak sodat hulle nie meer van nature heilig kan wees nie.

God het deur sy heilswerk in sy Seun en deur sy Gees die gevolge van die sondeval in die gelowiges omgekeer. Deur sy heilswerk in Christus Jesus wat vir ons sondeskuld betaal het, mag ons in die geloof tot die heilige God nader en Hom dien. Want die Gees van God wat die geloof in ons werk maak ons ook nuut, so nuut dat ons ook heilig kan wees. Omdat die Gees ons heilig maak, kan ons weer aan God se eis voldoen.

Wanneer Josua dan sê: *Ek en my familie, ons sal die Here dien*, doen hy dit nie uit eie krag nie, maar omdat God in hom die krag werk om dit te doen. So moet dit ook nou by die volk gebeur. Die volk moet besef wie en wat hulle is. Daar moet berou by hulle kom oor die sonde en 'n ware geloof in hulle harte. God doen dit deur sy Gees en Hy sal hulle ook in staat stel om die Here te dien.

Verder eis God onverdeelde trou. Alle eer en aanbidding, alle lof en dank mag nie aan vreemde gode of aan enige ander skepsel gebring word nie. Dit is nie ek wat met my eie krag die Here gaan dien nie. Dit is nie ek wat met my eie krag alleen kos aan my gesin voorsien nie of wat hoë hoogtes bereik het nie. Dit is God se genade en troue liefde wat deur sy Gees die krag in my werk om dit alles te kan doen. Laat ons daarom al ons trou geheel en al aan die Here bring. Hy eis dit van ons.

As God vandag van ons heiligheid en onverdeelde trou eis, kan ons dit weer doen. Jesus Christus het gekom om vir ons onheiligheid en ontrou te sterf. Hy het ook opgestaan en opgevaar om sy Heilige Gees aan ons te gee. Sy Gees maak ons gewillig en bereid om God alleen met onverdeelde trou te dien. Nie uit ons eie krag kan ons die Here dien nie, maar alleen deur die krag wat die Gees in ons werk. Jesus sê immers:

Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5 AFR53)

Iemand wat meen dat hy uit eie krag die Here kan dien, het 'n verkeerde siening van 'n gelofte. So 'n mens volhard nog hardnekkig in die sonde en is verknog aan homself en sy eie sondige aard. Hy rebelleer teen God en staan buite Christus.

Maar deur die Gees is Christus in ons en deur die ware geloof is ons in Christus. Laat ons daarom saam met Israel van ouds beseft 'n gelofte aan die Here kan nie op grond van emosies gemaak word en ook nie uit eie krag gemaak en onderhou word nie.

Kom ons hoor ten slotte by die Here hoe ernstig dit is om 'n gelofte aan Hom te maak. Nadat die volk gehoor het dat 'n gelofte op grond van emosies en eie krag nie waarde het nie, hou hulle steeds vol: *Ons sal die Here dien.*

Hierop sê Josua:

Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself die HERE gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies. (Josua 24:22 AFR53)

Die bedoeling van Josua van die begin af was nie om die volk van die Here af weg te jaag nie. Hy wou hulle immers tot die beseft bring watter ernstige saak dit is om te belowe dat jy die Here sal dien. Die volk was nie gedwing om die keuse te maak om die Here te dien nie. Daarom het Josua vir hulle daarop gewys om nie 'n emosionele keuse te maak nie. Die volk moet beseft dat hulle die keuse self maak en daarom moet hulle die verantwoordelikheid vir hulle keuse dra.

Ons Here werk nie met ons asof ons stokke en blokke is sonder enige wil van ons eie nie. Ons is nie papegaaie wat maar alles soos 'n rympte agterna sê as die Here met ons praat nie. Wanneer die Here ons sy kinders maak, neem Hy nie ons wil en verantwoordelikheid weg nie. Hy wil juis hê dat ons Hom gewillig sal dien. Ons moet ons gewillig aan sy gesag onderwerp. Maar dit beteken ook nie dat ons sommer alles self besluit nie. Dit is die Gees wat ons gewillig maak om te besluit. Wanneer ons dan deur die Gees in staat is om die sonde af te sterf en ons doen dit ook, dien ons die Here gewillig.

Daarom moes Israel beseft dat hulle self getuies daarvan is dat hulle gekies het om die Here te dien. Sou hulle afvallig word en vreemde gode dien, is hulle self getuies daarvan dat dit net hulle eie skuld sal wees as die Here kwaad aan hulle gaan doen. Dit sal hulle eie skuld wees as hulle gestraf word, maar God is regverdig. Hy is nooit onregverdig nie. Daarom lê die verantwoordelikheid soveel swaarder op Israel om hierdie gelofte gestand te doen. God sal aan hulle die krag gee om dit te onderhou, maar as hulle selfs net daaraan dink om vreemde gode te dien, loop hulle self onder die genade van die Here uit.

Maar hoe dien 'n mens nou die Here gewillig en kom jy jou verantwoordelikheid na? Deur van die afgode af weg te vlug en jou geheel en al aan die Here toe te wy. Dit beteken om jou hele liggaam en al jou kragte te gebruik om net God te vereer. Daar waar die huisvrou in die kombuis besig is, of die man met sy werk besig is, of waar die kinders saam met maats kuier, daar moet ons onself aan die Here toewy. Alles wat ek doen en sê moet vir die mense rondom my duidelik wees dat ek die Here dien. Ek kom my verantwoordelikheid na, want ek onderwerp my gewillig aan die Here. Ek weet wat die Here verwag, want Hy leer dit in sy Woord aan my. Daarom bid ek ook dat die Gees my daarin sal lei sodat ek dit gewillig sal kan doen.

Honderd sewe en sewentig jaar gelede is daar 'n gelofte aan die Here gemaak deur mense wat erns gemaak het met hulle godsdiens. Maar hulle was ook sondaars. Laat ons hulle

daarom nie ophemel nie. As die bewoording van die gelofte dan werklik sê dat ons die 16de Desember soos 'n rusdag moet deurbring om na God se Woord te luister, laat ons dan ons verantwoordelikheid besef. As die rusdag dan daar is sodat ons kan stil raak voor God om na sy stem te luister, laat ons dit ook doen. Maar in al hierdie dinge moet ons onthou:

'n Gelofte aan die Here moenie op emosies gebou word nie. Laat ons onself nie so emosioneel opwerk dat ons dinge sê en doen waarvoor ons nie die verantwoordelikheid kan dra nie. Laat ons besef dat ons bestaan as volk nie uit eie krag is nie maar op grond van God se genade. Hy laat volke ontstaan en Hy laat hulle ook tot niet gaan. Mag ons ook daarvan bewaar word om God net vir onself toe te eien.

'n Gelofte om die Here te dien plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons – 'n verantwoordelikheid wat ons uit eie keuse op ons geneem het. Laat ons diens aan God daarom nie net hier in die kring van gelowiges duidelik wees nie, maar laat dit in ons hele lewe, orals, altyd en aan alle mense duidelik wees. Op hierdie manier verkondig ons die Naam van ons God, Vader, Seun en Heilige Gees sodat alle mense van God se groot daade kan hoor en Hom bely as die enigste God en Verlosser.

Amen!

Slotgebed

Psalm 116:8, 9, 10 (p. 570)

- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Desember 2015